# THE STATE VERSUS

1. HECKETT S.A. EDMS. BPK.
2. HUBERT CORNELIUS HUTTON

CASE NO:- A976/78

DATE:- 24.2.1978

PLACE:- MAGISTRATE'S COURT
BENONI.

SAAK NO. A976/78

DATUM : 24 FEBRUARIE 1978

IN DIE LANDDROSHOF VIR DIE DISTRIK VAN BENONI

GEHOU TE BENONI

DIE STAAT TEEN : (1) HECKETT S.A. EDMS. BPK.
(2) HUBERT CORNELIS HUTTON

| | |
|---|---|
| VOOR | : S. VISAGIE |
| KLAGTE | : ONTSLAAN UIT DIENS WEENS VERMOEDE DAT BESK. LID WAS VAN 'N VAK-VEREENIGING |
| PLEIT | : (1) ONSKULDIG<br>(2) ONSKULDIG |
| VIR DIE STAAT | : B. APPEL |
| VIR DIE VERDEDIGING | : P. STRYDOM |
| TOLK | : E. MOCHOCHOKO |
| OORSKRYFSTER | : MEV. S.K. HERBST |

---

(Mnr. Hubert Hutton verteenwoordig die firma Heckett S.A. Edms. Bpk.)

DEUR DIE AANKLAER

Mnr. Hutton u het die akte van die dagvaarding ontvang? --- Korrek.

U weet wat die klagtes is teen u? --- Korrek.

Wat pleit u op die klagtes? --- Ek pleit onskuldig namens die maatskappy en ook onskuldig namens my persoonlik. (mnr. Strydom verteenwoordig die firma (besk. 1) en Mnr. Hutton (besk. 2)

DEUR DIE HOF

Enige verklaring wat u wil doen in terme van Artikel 115? --- Nee.

Wat is die basis van u verdediging? --- Edelagbare die klag of die feit in geskil is dat volgens die Staat sekere Piet Pheko deur die Maatskappy ontslaan is op grond van die feit dat hy 'n lid was van 'n vak vereniging en of vermoed was dat hy 'n lid van 'n vak vereniging was. Die verdediging se weergawe is dat hy regmatiglik ontslaan is vanweë die feit dat hy een van sy Senior bantoes aangerand het, basies is dit die geskilpunt tussen die partye.

DIE STAAT ROEP

LUKAS BOTHA, beëdig verklaar.

DIE AANKLAER ONDERVRA

Mnr. Botha u is 'n Senior Nywerheids Inspekteur verbonde aan die Departement van Arbeid is dit reg? --- Korrek.

En hierdie aangeleentheid nadat 'n klagte skynbaar gelê is deur die Departement van Arbeid het by u uitgekom vir verdere ondersoek? --- Reg.

Kan u net kortliks aan die Hof vertel, u was by Heckett se perseel gewees? --- Nie ten tye van hierdie ondersoek maar tevore was ek al daar ek meen ek dra kennis van, ek het gewerk by Dunswart.

Kan u net 'n bietjie uitbrei oor die werksaamhede van Heckett? --- Hulle prosesseer die yster, hulle berei dit voor, sny dit op, verdeel dit soos vir die smeltery en maak gebruik van bantoe-arbeid.

U het die skynbare voorlopige ondersoek, u het so 'n bietjie in gegaan op die feite van die saak? --- Nadat ek die stukke ontvang het van die prokureurs wat gevra het laat ons moet die saak verwys vir vervolging het ek tentatief net in gegaan op die saak.

Kan u net aan die Hof vertel kortliks wat u gevind het? --- My bevinding was dat die verdediging die werkgewer die betrokke Piet Pheko sou ontslaan het omdat hy 'n voorjong geskop het

Wat is die posisie kan u net vir ons uitbrei omtrent die posisie waarin u praat van 'n voorjong, weet u wie dit is wat hy sou geslaan het? --- Die bantoes, die twee getuies saam met die voorjong was na my kantoor toe gebring deur die werkgewer. Al drie die bantoes, die voorjong Esau Nkosi, Lawrence Mahela en Geledwane, het op 24.6.77 aan my gestel dat Piet Pheko ontslaan was omdat hy die bantoe Esau Nkosi geskop het.

DEUR DIE HOF

Is hierdie getuienis toelaatbaar Mnr. die Aanklaer, dis suiwer hoorsê getuienis?

(Die getuie gaan voort)

--- Ek het toe nie verklarings geneem nie want ~~dit sou~~, glad nie saak gehoorsê het nie maar /vir die verdediging gelaat dat hulle dit moet voorlê.

DIE AANKLAER HET GEEN VERDERE VRAE NIE

MNR. STRYDOM KRUISVERHOOR

Mnr. Botha die bedrywighede van Heckett op hulle perseel val binne die omskrywing van 'n bedryf soos in Wet 5 van 1957 is dit korrek? --- Dit is korrek.

Ek wil nie weet wat die bantoes vir u gesê het nie, al wat ek van u wil weet is, u het navraag gedoen en onderhoude gevoer met sekere werknemers van Heckett toe u hierdie klagte ondersoek het, is dit korrek? --- Dit is korrek.

Is dit korrek dat u met die Hoof voorjong Lawrence Masinini en 'n sekere Ndwane onderhoude gevoer het? --- Lawrence se tweede naam het ek hier Mahela ek weet nie of dit dalk Masinini is nie maar Geledwane dié het ek mee onderhoude gevoer.

En die resultaat van die ondersoek op die gevolgtrekking waartoe u gekom het sonder om vir my sê op grond waarvan u daartoe gekom het, was dit tot die effek dat daar stawing was vir die weergawe van die werkgewer? --- Dit was so Edelagbare, dit

was ter stawing van die weergawe van die werkgewer.

Nou die klagte is aanvanklik by u aanhangig gemaak deur 'n prokuruer is dit korrek? --- Dis korrek.

U het die lêer voor u, u mag hom raadpleeg ek het geen beswaar nie. As my geheue my nie in die steek laat nie was die prokureur 'n sekere Raymond Tucker? --- Ja.

Raymond Tucker se klagte by u is vergesel gegaan van drie beëdig/-de verklarings, sogenaamde Mollaklesie Piet Pheko, Paulus Stephen Sekosana, en 'n sekere Joseph Phora, is dit korrek? --- Dit is korrek.

Is dit fotostatiese afskrifte van hierdie beëdigde verklarings, sal u hulle net identifiseer, ek dink die afskrifte is fotostatiese afdrukke. (Lang stilte) Is dit die beëdigde verklarings wat u ontvang het? --- Dit is die beëdigde verklarings.

DEUR DIE HOF - U handig in die verklarings van Piet Pheko, Bewysstuk "A", van Paulus Stephen Sekosana, , Bewysstuk "B" van Joseph Phora - , Bewysstuk "C" en die skrywe van Prokureur Tucker, Bewysstuk "D".

Deur die werkgewer Heckett is ook aan u voorsien twee notules van werkskomitee vergaderings gehou op 7 Januarie 1977 en 17 Januarie 1977, is dit korrek? --- Dit is korrek.

Ek toon ook aan u twee afskrifte van die betrokke notules sal u hulle net identifiseer, is dit die twee verslae wat deur u ontvang is die twee notules? --- Dit is korrek.

(Bewysstuk "E" en "F", die notule van 7 Januarie 1977 Bewysstuk "E" en 17 Januarie 1977 Bewysstuk "F")

GEEN VERDERE VRAE NIE

DIE AANKLAER HET GEEN HERVERHOOR NIE

DIE STAAT ROEP

PIET PHEKO, beëdig verklaar.

DIE AANKLAER ONDERVRA

Piet jy het by Heckett begin werk in Benoni op die 12de Junie 1974 as 'n "cutting torch operator" is dit reg? --- Dis reg.

Toe in Mei maand is jy verkies tot die komitee, regskomitee van Heckett Benoni is dit reg? --- Dis reg.

En op die 10de Oktober 1976 is jy toe verkies tot voorsitter van hierdie werkskomitee? --- Dis reg.

Jy was op daardie stadium alreeds 'n lid van die Metal and Allied Workers Union? --- Voor dit was ek reeds 'n lid.

Ja jy het September maand 1975 aangesluit by die Union? --- Dis reg ja.

Nou Piet kan jy verder aan die Hof vertel wat het gebeur op 25 November 1976 toe ene Mnr. Coetzer, een van die werkers by Heckett sou afgedank het? --- Edelagbare op die 28ste Desember 1976 is daar 'n bewering gemaak dat ek sou bantoeman Nkosi geskop het alhoewel dit 'n valse aantyging teen my was. Hierdie man Nkosi het my gevra om my torch aan die brand te steek of die vuur aan te sit en verder toe gesê ek moet begin yster te sny, ek het dit gedoen. Terwyl ek besig was het ene Lawrence toe gekom en gesê die opdrag is dat sodra ek daar klaar is moet ek in 'n sekere gedeelte gaan, afdeling gaan en voortgaan om my yster daar te sny.

Wie was hierdie Lawrence gewees, wat was sy posisie by die werk? --- Hy was bekend as 'n baasboy.

Was hy die Hoof van die baasboys of nie? --- Ja volgens ons werkgewer die blankes was hy wel die hoof baasboy.

Het hy toe vir jou gesê jy moet op 'n ander plek gaan werk? --- Ja hy het gesê die opdrag wat hy gekry het is dat sodra ek daar klaar is moet ek na 'n ander afdeling gaan en daar gaan werk.

Ja en het jy toe gegaan? --- Edelagbare voordat ek klaar was by daardie afdeling waar ek besig was toe hy my die opdrag

gegee het, het ek toe saam met hom na Meneer Coetzer toe gegaan om uit te vind waarom hy my van die een afdeling na die ander afdeling toe stuur voordat ek by die ander afdeling klaar is.

Ja en toe? --- Edelagbare ons was, ons het by Mnr. Coetzer uitgekom en ek het hom gevra waarom hy van die afdeling na die ander verplaas, toe sê hy ja dit is omdat ek wil he jy moet weggaan, jy moet kwaad word vies word en weggaan. Ek het toe teruggegaan na my afdeling en voortgegaan met my werk.

Hoekom was jy ontevrede om na die ander afdeling toe oorgeplaas te word? --- Edelagbare die rede waarom ek besluit het ek moet navraag gaan doen, terwyl ek besig was om by 'n sekere afdeling te werk en voordat ek klaar was by die betrokke afdeling is ek toe opdrag gegee om na 'n ander afdeling te gaan om daar te werk en ek wil daaromtrent navraag doen waarom ek van die een plek na die ander verplaas word.

Gaan voort toe is jy weer terug waar jy gewerk het? --- Ek was in die geselskap van Lawrence, en ek was oppad na die afdeling waar ek besig was en toe het ek vir hierdie Nkosi teëgekom. Daar het toe 'n woordewisseling ontstaan tussen ek en Nkosi.

Waaroor het dit gegaan? --- Nkosi was op daardie stadium gedrink gewees en hy het met my geraas en my gevra waarom ek my werk gelos het en na die blanke man toe gegaan.

En toe? --- En Lawrence het toe tussen ons getreë en ons gemaan om nie 'n lawaai op te skop nie.

Het jy en Nkosi nou aan die baklei geraak of nie? --- Nee. Bantoeman Lawrence Ndladla het tussen ons kom staan en verhoed dat ons nie mekaar gemeen raak nie. Ek het toe na my werk toe gegaan en voortgegaan met my werk. Ek het gewerk tot sononder daardie dag van die 28ste Desember

die volgende dag op die 29ste het ek aan diens gerapporteer ek het gewerk tot om 8.50. Lawrence het na my toe gekom en vir my gesê dat Mnr. Coetzer my roep na sy kantoor. Mnr. Coetzer het my meegedeel dat hy van ander blanke persoon gehoor het dat ek die vorige dag vir bantoeman Nkosi geskop het. Edelagbare ek was saam met drie Indoenas of voormanne by Mnr. Coetzer gewees op daardie stadium. Ek het hierdie aantygings ontken.

Aantygings dat jy vir Nkosi sou aangerand het? --- Dat ek vir Nkosi sou geskop het die vorige dag.

En toe? --- Mnr. Coetzer het toe vir Lawrence gevra of die aantygings waar is waarop Lawrence gesê het nee, dit het ek nie gesien gebeur nie. Hierop het Mnr. Coetzer aan my gesê Pretorius het vir hom gesê hy moet my wegjaag. Ek is toe hierna uit die perseel uit.

Is dit toe nou op die 29ste Desember? --- Dit is reg ja.

En het jy daarna ooit weer daar gewerk? --- Nee vir omtrent 10 maande kon ek nie werk nie as gevolg van beserings wat ek opgedoen het daar maar ek werk tans by Kwikot.

Het Mnr. Coetzer vir jou gesê dat hy jou ontslaan as gevolg van die aanranding op Nkosi? --- Dit is wat hy vir my gesê het.

Is dit wat hy vir jou gesê het? --- Ja dit is wat hy gesê het.

En hoekom dink jy is jy ontslaan ... as gevolg waarvan dink hy is hy ontslaan? --- Edelagbare ek kry die indruk dat ek ontslaan is slegs omdat ek 'n lid van die Union was.

DEUR DIE HOF

Wat gee jou daardie indruk? --- Hulle het nie van hierdie Union gehou.

DEUR DIE AANKLAER (vervolg)

Kan jy vir ons vertel het jy vantevore aansoek gedoen om

met die Direkteure te praat of iets of hoekom sê jy hulle het nie van die Union gehou nie? --- Edelagbare in 1975 toe ons in geskryf het of aangesluit het as lidmate van hierdie Union was die vorige getuie staatsgetuie by gewees toe hy ons meegedeel dat ons aangestel word as lidmate van hierdie Union. En ek het toe vir hom gevra of die Wet dit toelaat dat ons as slawe moet werk en dit was in die teenwoordigheid van Mnr. Coetzer.

DEUR DIE HOF

Wag, wag, ek wil eers 'n antwoord hê om my vraag. Wat het jou die indruk gegee dat jy ontslaan is omdat jy lid van die Union is, ek wil weet wat het jou daardie indruk gegee? --- Ek kry daardie indruk want vantevore was ek herhaaldelike kere gevra of versoek om nie meer 'n lid van hierdie Union te word nie.

DEUR DIE AANKLAER (vervolg)

Was hierdie Union van jou ooit met 'n konfrontasie met die direkteure van die Maatskappy of die hoofde van jou werk betrokke of nie? -- Edelagbare die een klagte wat ons geopper het met die Union het ons werkgewers nie daarvan gehou nie.

Vertel ons van die klagte? --- Edelagbare hierdie bantoeman Nkosi was gereeld onder die invloed van drank gewees en het die neiging gehad om werknemers te vloek asook Mnr. Coetzer het toe dieselfde neiging gehad.

En wat het jou Union toe gedoen daaromtrent? --- Edelagbare die Union het probeer om vir Mnr. Coetzer , en so ook ons, om vir Mnr. Coetzer te sê of te belet om sulke dinge te stop. Elke keer dat ons Mnr. Coetzer gewaarsku het was ek in die geselskap van ander twee lidmate van die Union en Mnr. Coetzer het altyd gesê hierdie twee persone was mos nie by gewees toe hierdie dinge gebeur het nie.

Sê vir my wanneer was die laaste keer wat jou Union in

konfrontasie was met die hoofde van jou werk?. --- Edelagbare volgens my geheue dit was op die dag toe hy beweer het ek het vir bantoeman Nkosi geskop.

Wat het julle dan toe gedoen? --- Edelagbare ek het vir hom gesê ek gaan sekere persone sien toe het hy gesê nee.

Het jy toe in jou persoonlike hoedanigheid of as 'n voorsitter van jou regskomitee opgetreë, het hy toe in sy persoonlike hoedanigheid toe hy die dag saam met Nkosi by Coetzer was opgetreë op as voorsitter van sy werkskomitee? --- Edelagbare op die dag het ek geen klagtes om voor te lê nie maar ek was na Mnr. Coetzer toe ontbied en ek is toe meegedeel van die aantygings.

GEEN VERDERE VRAE NIE

DEUR DIE HOF

Nou maar die Hof kan nou nog nie verstaan waarom jy dink dat jy ontslaan is omdat jy aan daardie Unie behoort nie, jy het geen klagtes gehad daardie dag nie en jy praat deurentyd van ons, die Hof lei af dat daar meer mense as jy aan daardie Unie behoort het, is dit nie korrek nie? --- Al rede wat ek kan verstrek is omdat ek aan die Unie behoort het.

Hoeveel van julle wat gewerk het by daardie besondere firma Heckett S.A. Pty Ltd, hoeveel van julle het aan hierdie Unie behoort? --- Baie, behalwe die baasboys sal ek sê die ander werknemers was maar wel lid van die ..

Was almal omtrent lid behalwe die baasboys? --- Ja.

Nou waarom sou jy ...? --- Asook die drywers van voertuie.

Waarom sou jy dan ontslaan wees omdat jy aan die Unie behoort het en die ander nie? --- Edelagbare ons was een na die ander ontslaan.

O julle was een na die ander ontslaan, wie is almal ontslaan laat ek hoor? --- Talle werknemers is voor my ontslaan

en na my ontslag is daar nog talle werknemers ontslaan.

Was enige van hierdie werknemers gesê, kyk jy word ontslaan omdat jy lid van hierdie Unie is? --- Nee nie met my ore nie.

Niemand ...? --- Nie met my oor.

GEEN VERDERE VRAE NIE

MNR. STRYDOM KRUISVERHOOR

In 1975 toe jy lid geword het van hierdie Union, was die eerste staatsgetuie by? --- Nee hy was nie by gewees nie ek was destyds by die komitee.

Ja maar jy het net nou verwys na die dag toe jy lid geword het van die komitee was die eerste staatsgetuie by en jy het vir hom gevra hoekom moet julle soos slawe werk? --- Ja ek het dit vir hom gevra.

Was Mnr. Coetzer ook by? --- Ja terwyl die vorige staatsgetuie die regulasies aan ons verduidelik het en ons sekere waarskuwings gegee /het was dit in die teenwoordigheid van Mnr. Coetzer.

Maar sê nou vir my hoekom het jy nou vir die man nou gevra hoekom moet julle soos slawe werk? -- Omdat ons mishandel word.

Is julle geslaan? --- Het daar al ooit dronk persoon met mense wat nugter is gewerk.

Ek vra die vrae jy moet antwoord,...?

DEUR DIE HOF - Jy is hier om vrae te antwoord en nie om vrae te vra nie, antwoord die vraag. Ek wil weet hoe is julle mishandel? --- Edelagbare as ons na ons werk gaan met hierdie torch hulle sê ons moet die vuur langs ons been hou en met die een hand moet ons dan die groot yster vat en as ek mos daardie torch langs my so hou dan gaan ek mos brand.

MR. STRYDOM KRUISVERHOOR (vervolg)

En dit is al vorm van mishandeling volgens jou wat daar

plaasgevind het? --- Edelagbare daar het talle ander goed daar gebeur wat nie aanvaarbaar was nie.

Ek praat van mishandeling, nog 'n voorbeeld van mishandeling vir ons gee? --- En wanneer mense seergekry het daar kon 'n persoon nie na Mnr. Coetzer toe gaan en vir hom se kyk ek wil na die eerste hulp afdeling toe gaan, mens moes voortgaan met sy werk alhoewel hy beseer was.

In elk geval ek dink Mnr. Coetzer hy sal dit ontken net om die rekord volledig te maak. Sê vir my jy en Nkosi was nie groot vriende nie né? --- Hy was mos my Indoena.

Ja hy was, die voorjong die baasboy? --- Ja hy was.

En jy was veronderstel om vir hom te luister? --- Ja dis waar.

En sy opdragte uit te voer? --- Ja ek moes iets doen wat redelik was.

Sê vir my die dag toe jy nou teruggekom het van Baas Mnr. Coetzer se kantoor jy en Morris toe julle vir Nkosi raakgeloop het waaroor het die woordewisseling gegaan? --- Ek het reeds gesê dat Nkosi my gevra het waarom ek my werk gelos het en na Mnr. Coetzer toe gegaan het.

Is dit waaroor die argument gegaan het? --- Ja.

Oor niks anders nie? --- Dis al rede.

Kan jy onthou dat jy na 'n Prokureur toe gegaan het met die naam van Raymond Tucker? --- Ja.

Het jy 'n verklaring gemaak by hom? --- Ja die inhoud van my verklaring aan hom was aangaande gebeure daar.

Gewere? --- Gebeure.

Het jy vir Mnr. Tucker vertel wat jy nou vir Edelagbare vertel het? --- Ja. Ek sê weereens dat die inhoud van my verklaring wat ek aanvanklik gemaak het was die volle waarheid van die gebeure.

Goed, en dan wil ek net aan jou stel ... nou ek gaan nou aan jou stel wat in hierdie verklaring staan met betrekking tot hierdie argument tussen jou en Nkosi waaroor jy ons nou vertel het. Volgens die verklaring het jy gesê : "Op die 28ste, on the 28th day of December 1976 I had a argument with the bossboy, one Esau Nkosi about the fact that he was drinking at work". Of die verklaring is verkeerd of jou getuienis is verkeerd? --- Edelagbare ek het alreeds gesê dat die verklaring wat ek eerste gemaak het die waarheid is en verder wil ek sê dat hierdie gebeure lank terug plaasgevind het.

Maar plaas dat jy in jou verklaring destyds toe die dinge varser in jou geheue was niks sê dat daar 'n argument was tussen jou en Nkosi oor die plek waar jy moet gaan werk nie, stem jy saam met my die snaaks, die Tolk wag vir 'n antwoord? --- Die Tolk kry geen antwoord.

Sê vir my die man Nkosi was hy dikwels gedrink? --- Hy het altyd drank uit sy sak uitgehaal en dit aan ons getoon.

Het jy hom gesien drink? --- Ja.

Dikwels? --- Ja hy het altyd drank daar by Dunswart gekoop en dit dan hier gedrink.

Was hy goed dronk? --- Ja hy het somtyds dronk geword tot 'n mate dat hy aan die slaap geraak het.

Sê vir my jy was die voorsitter van die werkskomitee, is dit korrek? --- Ja.

En nadat hy die voorsitter geword het van die werkskomitee was Nkosi toe ook dronk? --- Hy het nooit opgehou en het altyd gesê ons sal hom niks maak nie.

Goed. Jy as voorsitter van die werkskomitee het jy nooit op die feit dat volgens jou Nkosi dronk is met jou werkgewer opgeneem nie? --- Nkosi en Mnr. Coetzer het goed klaargekom.

En daarom het jy nie gegaan en vir Mnr. Coetzer gesê nie is dit wat jy beweer? --- Ja, Edelagbare ja ek het al die

voorval al onder Mnr. Coetzer se aandag gebring en Mnr. Coetzer het toe voortgegaan om die werknemers te gaan sê dat ek hom hulle "lockers" gewys het en plekke waarin hulle drank hou.

Of jy kan aanvaar Mnr. Coetzer weet van hierdie verhaal van jou niks nie hy sal dit ontken? --- Edelagbare wat my bewerings vandag kan staaf is die feit dat ek beseer was.

Ja? --- Ek is daar weg nadat hy gesê het ek het vir Mkosi geskop en ek het direk na die dokter toe gegaan, ek het eerste hulp gekry daar by die Dunswart Eerstehulp afdeling.

Het iemand jou aangerand? --- Edelagbare in die loop van daardie, van dieselfde jaar was ek in 'n treinongeluk betrokke gewees hier in Benoni tussen Northmead en Daveyton en my bene was beseer gewees in die ongeluk en ek moes kort kort behandeling kry. Ek het behandeling ontvang daar by Dunswart tot op die dag van my ontslag.

So jy het nie by die werk seergekry nie? --- Ja dit was nie as gevolg van beserings wat ek by my werk opgedoen het nie.

Ja ek was net bekommerd jy was dalk mishandel. Sê vir my nadat jy die voorsitter geword het van die werkskomitee was jy 'n belangrike man was jy nie? --- Nee ek was 'n voorsitter gewees slegs vir omtrent 3 maande ek was nie 'n belangrike man nie

Nou ken jy vir Samuel Mtembe ? --- Edelagbare mense daar by die werk was nie met hulle regte name geroep nie, en Ek self, was my bynaam was Regop gewees.

Ja ons weet jou bynaam was Regop. Ken jy vir Samuel Mtebe, Mtembe, een van die voorjonge, ken jy hom? --- Ek wil die man graag sien miskien sal ek hom herken.

(Mnr. Strydom vra toestemming, dit word toegelaat)

Ken jy hom? --- Ja die man wat nou net in die Hof in gebring is, ken ek, hy was ook van die baasboys.

Nou as Samuel kom sê dat jy het vir hom gesê kyk ek is die "chairman" van hierdie "committee" en niemand word by hierdie

plek weggejaag nie sonder my toestemming en wete nie?
--- Ek het nooit so gesê nie.

Het niemand ooit met jou geraas oor jy 'n lid van die vereniging was nie, is dit korrek? --- Ja, bantoeman Nkosi was nie daarmee tevrede gewees nie.

Was Nkosi die enigste een wat met jou daaroor geraas het?
--- Verskeie ander persone, insluitende ene Simelane.

En die almal bantoewerkers? --- Ons het almal saam gewerk.

Sê vir my hoe het jy by die prokureur uitgekom in hierdie saak, het die jurie jou soontoe gestuur? --- Ja ek het my "official" vertel van die gebeure hulle het my verwys na die Unie.

Toe het hulle vir jou gesê jy moet prokureur toe gaan?
--- Ja.

En net vir volledigheidshalwe, Coetzer sal getuig dat jy ontslaan is omdat jy vir Nkosi geskop het? --- Ek gaan nie vir hom praat nie maar ek is ontslaan soos ek reeds gesê het.

Nkosi sal kom getuig dat jy hom inderdaad geskop het? --- Ja dit was die aantygings teen my gewees deur Mnr. Coetzer.

En dat niemand eers bewus was dat jy 'n lid was van hierdie Union tot na jou ontslag, toe weet hulle dit eers?
--- Nee hulle was bewus gewees van daardie feit.

Net een laaste punt wat ek graag wil opklaar - toe die argument tussen jou en Nkosi was het jy enige beweging na hom gemaak of het jy doodstil gestaan? --- Edelagbare ek het hom genader toe het sekere mans my weggestoot van hom af.

Het jy hom gegryp? --- Edelagbare ek het my hand uitgeruk om hom te gryp en toe stoot hulle my weg van hom af.

Het jy glad nie aan hom geraak nie? --- Volgens ek het ek hom nie fisies geraak nie.

Nou goed dan net een punt wat ek vergeet het. Ek sal nog getuienis lei tot die effek dat op dieselfde dag wat die

aanranding sou plaasgevind het is jy na Mnr. Coetzer se kantoor saam met Nkosi, kan jy dit onthou, dieselfde dag? --- Ja in die geselskap van my drie baasboys.

Nie die volgende dag nie, dieselfde dag? --- Ja en op die dag van my ontslag het ek hulle in die kantoor gelos.

GEEN VERDERE VRAE NIE

DEUR DIE AANKLAER

Sê vir my hierdie werkskomitee en die Union van jou was bedrywig, was by Heckett alreeds van, jy het 'n lid geword van die werkskomitee in Mei maand 1975? --- Ja.

Het julle gereeld geskakel met julle hoofde, julle werkgewers? --- Edelagbare die dag /op toe die lid van die arbeidsdepartement by was en die regulasies en ook sekere kondisies /as- aan ons verduidelik het, was ons werkgewers by gewees en hulle het gesê hulle hoor, hulle verstaan, maar nadat hulle weg was het hulle nie meer gesteur aan daardie instruksies nie.

So julle werkgewers was alreeds van 1975 af nie baie toegeneë met die bestaan van hierdie werkskomitee en die Union nie? --- Ja hulle het nie van hom gehou nie.

Nou hoekom sê jy vir die Hof hoekom sal jou werkgewers jou ontslaan dan nou meer as 'n jaar nadat jy lid geword het van die werkskomitee en toevallig 'n dag nadat jy in 'n beweerde aanranding betrokke was? --- Edelagbare die eerste komitee het 'n bestaan van omtrent 18 maande en daarom het ons gevra vir 'n nuwe komitee.

Sal jy die vraag antwoord, hoekom jy ontslaan is 'n dag nadat jy in 'n beweerde aanranding betrokke was? --- Edelagbare daar het talle verkeerde dinge gebeur daar, wat ons nie van gehou het nie.

GEEN VERDERE VRAE NIE

DEUR DIE HOF

Jy het nou net gesê die eerste komitee het bestaan vir

18 maande daarna het jullle gewag vir 'n ander komitee? --- Ja Edelagbare alhoewel die vorige staatsgetuie gesê het dat die komitee behoort net vir 12 maande te bestaan.

En op hierdie stadium toe jy ontslaan is toe het julle nog gewag vir 'n ander komitee? --- Edelagbare verkiesings het alreeds plaasgevind en ek was weer her-nomineer as voorsitter van die komitee.

Was daar toe al weer 'n komitee? --- Ja dit was alreeds gestig gewees 'n nuwe komitee.

Het hierdie nuwe komitee alreeds begin werk weer? --- Nee Edelagbare.

Was daar enige iets in jou werkskontrak of in enige iets wat jou werkgewer verhoed het om jou van een werk na 'n ander oor te plaas? --- Niks nie.

So jou werkgewer kon jou skuif van afdeling na afdeling na willekeur soos hy goed dink? --- Ja Edelagbare dit was in orde gewees maar hulle het nou begin met ons te speel.

En jy het toe nie daarvan gehou nie? --- Ja ek het nie daarvan gehou Edelagbare.

Jy wil werk waar jy wil? --- Nie noodwendig as hy vir my gesê het werk hier, dan het ek hom gehoorsaam.

Na jy toe nou oorgeplaas is na 'n ander afdeling toe, en jy by Mnr. Coetzer gaan kla het, het jy teruggekeer nou na jou werk, het jy toe teruggekeer na jou ou werk of het jy toe teruggekeer na die nuwe werk wat jy gegee is? --- Ek het na die nuwe plek toe gegaan.

Het jy na die nuwe plek gegaan, jy het toe berus daarin dat jy oorgeplaas is (Die Hof herhaal die vraag) Hy het toe berus in die oorplasing? --- Ja.

Nou maar wat het daar tussen jou en Mnr. Coetzer plaasgevind toe jy nou gaan praat oor die nuwe werk? --- Ek het

hom gevra waarom hy sulke opdragte gee, toe sê hy ja hy wil hê ek moet self padgee.

Hy was een van jou grootbase, die hoofde - Laat ek dit stel? --- Ja in werklikheid was hy 'n grootkop aan wie ons klagtes moes voorlê.

Ja hy was een van die hoofde? --- Ja.

GEEN VERDERE VRAENIE

STAATSAAK

DEUR MNR. STRYDOM

Edelagbare ek het fotostate gemaak van die tersaaklike bepalings van die loonwet, die oortreding die beweerde oortreding word gedek in Artikel 25, u moet maar my onderstreping verskoon wat oorbodig is het ek nie onderstreep nie. In Artikel 36 Sub-artikel 10 kom op vermoede voort, en as 'n persoon ontslaan is is daar 'n bewyslas op die beskuldigde, die bewyslas moet hy natuurlik net kwyt op 'n oormag van waarskynlikhede. In die lig van hierdie vermoede is dit my submissie dat ek verplig is om getúienis te lei en ek u nie kan vra vir ontslag soos wat dit gewoonweg sou gaan in 'n strafsaak na aanleiding van die feite voor u op hierdie stadium nie.

DIE VERDEDIGING ROEP MNR. COETZER

LUKAS PETRUS COETZER, beëdig verklaar.

MNR. STRYDOM ONDERVRA

Mnr. Coetzer sal u net helder en duidelik in die rigting van sy Edelagbare praat dat ons almal kan hoor. U word, u is in diens by Heckett? --- Ja.

In watter hoedanigheid? --- As Plan-superintendent.

Sedert wanneer? ---- Sedert 19 .. wat ek as plan-superintendent aangestel is in 1972.

Piet Pheko, ken u hom? --- Ja.

Hy was werksaam by Heckett, is dit korrek? --- Ja.

Het u hom ontslaan? --- Ja.

Wanneer Onthou u ? --- Dit was om en by die end van Desember.

Watter jaar? --- Dit kon die 28ste Desember gewees het.

Watter jaar? --- 1976.

Op grond waarvan is hy ontslaan? --- Ek klagte gekry van Esau Nkosi dat hy hom geskop het.

Het u die klagte op dieselfde dag gekry? --- Ek het die klagte op dieselfde dag gekry ja.

Was Esau Nkosi by u, het u naby hom gestaan? --- Ja hy, ek het naby hom gestaan.

In die kantoor? --- In die kantoor ja.

Was hy gedrink? --- Nee, ek kon nie drank ruik aan hom nie

Het hy normaal gepraat? --- Heeltemal normaal ja.

Hoelank werk Nkosi as voorjong, as baasboy, naastenby? --- Naastenby van 1971 af.

Hoe het u hom gevind deur die jare wat hy onder u toesig gewerk het? --- Baie betroubaar.

Het hy ooit dronk gekom /op werk? --- Op die werk nee.

Het u ooit drank by hom gekry? --- Nee.

Sien u die bantoe gereeld die voorjong? --- Ek sien hom elke dag.

Sien u hom meer as een keer elke dag? --- Ja ek is heeldag tussen hulle, ek sien hom gedurende die dag al die tyd.

En as bewerings gemaak is dat hy sou gedrink het sou u dit ontken of sou u sê, daarmee saamstem? --- Ek sal dit ontken het.

Die klagte wat u ontvang het van Esau Nkosi het u dit bevestig deur navraag te doen by ander werknemers? --- Ja.

Die betrokke werknemer Lawrence en Geledwane, is hulle nog in diens van die maatskappy? --- Nee hulle kontrak is

verstreke en hulle is nie meer in die maatskappy nie.

Wanneer het u vir die eerste keer daarvan bewus geword dat die staatsgetuie Piet Pheko 'n lid was van 'n vak vereniging, of die sogenaamde Union? --- Wel lank na sy ontslag.

Is dit toe daar sekere berigte in die pers was en briewe geskryf is? --- Dit is nadat die lid van die Vakbond my gebel het.

Is dit die eerste keer wat u daarvan gehoor het? --- Ja.

Die opdrag van die bestuur van die maatskappy met betrekking tot bakleiery op die werk, is daar enige besondere opdrag as die bantoes baklei? -- Wel geen man is toegelaat om te baklei nie.

Wat gebeur as hulle baklei? --- En as ons 'n man vind baklei word hy summier ontslaan as daar ...

In die betrokke geval van Piet Pheko het u die besluit op u eie geneem of het u bespreek met van u hoofde? --- Ek het dit bespreek met Mnr. Isaacs die hoofbestuurder.

As hy nie wat gesê is nie het u magtiging gekry om hom te ontslaan? --- Ja.

GEEN VERDERE VRAE NIE

DIE AANKLAER KRUISVERHOOR

Sê vir my Mnr. Coetzer hoelank het u al vir die Piet Pheko geken, hoelank het hy onder u gewerk of u soort van toesighouer ...? --- Edelagbare ek praat onder korreksie ek sal sê 3 jaar.

Sou u sê u was nooit bewus dat hy lid was van die Union nie? --- Nee vir hom as persoon was ek nie bewus van nie.

Was u bewus daarvan dat hy 'n lid was of 'n voorsitter was van die werkskomitee? --- Ja.

Het hy in sy hoedanigheid as lid of voorsitter van die werkskomitee met u gestaaf ook in verband met probleme wat sou opduik? --- Ja.

Hoe het u hom ontvang as hy gekom het met 'n probleem of het hy nooit direk met u geskakel nie? --- Nee hy het direk met my geskakel.

Ja? --- En ek het hom, wat ek vir hom kon doen het ek vir hom gedoen.

Wat is die prosedure waarvolgens hy te werk sou gaan as hy nou 'n spesifieke probleem het, kom hy na u toe of gaan hy na iemand hoër as u toe, gaan u na iemand hoër as hy toe? --- Hy het gewoonlik na my toe gekom en as ek die saak kon oplos dan het ek hom self opgelos en as ek die saak nie kon oplos nie dan sou ek bestuur gebel het en hom uitgekry het.

Was daar sulke voorvalle wat u kon onthou waar u probleme opgelos het? --- Ja.

Kan u noem aan die Hof van dit? --- Soos byvoorbeeld hulle wou ook verskoon my die Engelse woord tussen-in, hulle wou ook soos Dunswart se mense Kersfees "hampers" gehad het en toe het ek vir hulle gesê hulle sal dit nie kan kry nie deurdat ons mense betaal meer as wat Dunswart betaal en ons val nie onder dieselfde wette as wat Dunswart val nie.

Was hy tevrede met u opinie of ...? --- Hy was toe daarmee tevrede gewees ja.

Was daar enige iets anders wat u kan onthou ... het Piet Pheko ooit na u toe gekom in verband met salarisverhogings of meer geld of oortyd betalings, iets in die lyn? --- 'n Ander voorval .... nee Edelagbare wat ek van kan onthou nie.

Was u bewus van die bestaan van die Union op die perseel of dat daar lede van u werkers is wat lede is van die Union? --- Edelagbare ja, die vorige jaar was ek bewus van dat daar 'n buite Unie is maar my eerlike opinie ek was onder die indruk nadat die eerste werkskomitee gestig is dat hulle heeltemal onttrek het van die perseel af.

Selfs op die laat stadium van November-Desember 1976, was

u toe bewus van enige werkers wat lede was van hierdie Union? --- Nee.

Is u ooit genader deur persone van die Unie? --- Van die Unie.

Ja, ek praat nou van die Metal en Allied Workers Union, iemand wat u nie sou geken het nie, want u sê u was nie bewus dat van u werkers lede was van hierdie Unie nie, is u dan genader deur enige iemand buite wat miskien 'n lid was van die Unie? --- Wat ek kan onthou nie.

U kan nie onthou nie ... So u was wel bewus van die bestaan van die Unie? --- Van die vorige komitee ja.

Wat weet u van die Nkosi voorval toe Nkosi en Pheko skynbaar in 'n aanranding betrokke sou gewees het? --- Nkosi het by my kom kla dat Pheko hom geskop het.

Het u enige wonde of iets ...? --- Nee daar was nie stukkende plekke aan hom nie.

Was Pheko toe by gewees? --- Op daardie stadium wat Nkosi kom kla het.

Nkosi kom kla het ..? --- Ja was Pheko nie by nie maar ek het hom gestuur om die ander baasboy Lawrence en Pheko te gaan roep.

Toe, was hy toe by gewees? --- Ja toe het hulle drie saam na my toe gekom.

En is daar toe gepraat oor die aanranding op Nkosi? --- Ja Nkosi het toe vir my vertel dat Pheko hom geskop het ...

Ja gaan voort? --- En toe het ek vir Pheko gesê hy is ontslaan maar ek sal eers bestuur bel, ek het hom eintlik vooruitgehardloop want hy was 'n man wat graag met bestuur wou in aanraking gekom het.

So u het alreeds op die dag vir Pheko gesê dat u gaan hom ontslaan, u wag net vir bevestiging van ...? --- Ja ek het vir hom gesê hy is reeds ontslaan maar hy kan maar die volgende dag

inkom dat ek bevestiging van bestuur kan kry.

Was Pheko se houding dat hy nie die man sou aangerand het nie of wat was sy houding? --- Hy het dit betwis ja.

Het u enige iets gedoen om sy kant van die storie na te volg of nie? --- Ek het hom gevra ja.

Ja en wat was ...? --- En hy het nooit eenvoudig betwis hy het hom glad nie aangerand nie.

Het u vir hom gevra of hy enige iemand kan bring wat sou gesien het dat hy /hom nie aangerand het nie, Piet Pheko nie, of het u maar net na hom geluister? --- Ek het maar net geluister toe hy sê hy het hom nie aangerand nie en die twee baasboys Lawrence en Nkosi hulle het dit bevestig dat hy hom wel geskop het.

Het Nkosi vir u vertel hoe hy hom geskop het of het dit gebeur het waar presies hy geskop is? --- Wel Nkosi het net gesê dat hy en Lawrence het gestaan en gepraat oor die werk en toe sê, toe storm Piet hom toe skop hy in bobeen.

Sê vir my u het gesê dat daar skynbaar 'n reël is dat die bantoewerkers nie mag baklei nie indien hulle baklei dan word hulle summier afgedank is dit so? --- Dit is so, ja.

Is daar, het u vantevore iemand afgedank? --- Ekskuus.

Het u al vantevore iemand afgedank oor 'n bakleiery daar? --- Ja.

GEEN VERDERE VRAE NIE

DIE VERDEDIGING HET GEEN HERVERHOOR NIE

<u>VERDEDIGINGSAAK</u>

DIE AANKLAER SPREEK NIE DIE HOF TOE NIE

MNR. STRYDOM SPREEK DIE HOF TOE

<u>UITSPRAAK</u>

<u>DEUR DIE HOF</u>

In hierdie saak staan Heckett S.A. Pty. Ltd. verteenwoordig deur Hubert Cornelis Hutton en Hubert Cornelis Hutton in

oortreding van sy persoonlike hoedanigheid tereg onder die Loonwet, / Artikel 16 Wet 5 van 1957. Hy is regsverteenwoordig deur Mnr. Strydom 'n prokureur van Pretoria, of beide beskuldigdes is regsverteenwoordig deur Mnr. Strydom. Daar is voor hierdie Hof die getuienis aangebied van Lukas Botha, hy is van die Nywerheidsraad, Senior Nywerheidsinspekteur en hy het getuig oor 'n ondersoek wat hy gehou het en wat sy bevindinge was oor wat daar uit die ondersoek geblyk het kan die Hof nie kennis neem nie want dit is hoorsê getuienis. Maar die Hof het die direkte getuienis van Piet Pheko dat hy in diens was van Heckett en dat hy toe op 'n stadium, die 28ste Desember 1976 ontslaan is maar dwarsdeur sy getuienis het nerens 'n jota of tittel na vore gekom dat hy ontslaan is omdat hy lid van 'n Unie was nie. Slegs op 'n vraag vanndie Hof of die Aanklaer waarom dink jy is jy ontslaan het hy geseê, ek dink ek is ontslaan omdat ek 'n lid van die Unie is. Die Hof het hom gevra nou maar waarop baseer jy hierdie gedagte van jou, hierdie afleiding van jou en die Hof wag nou nog vir 'n antwoord waarop hy dit baseer. Sê daar is beie mense tevore ontslaan daar is baie mense daarna ontslaan en hy maak maar net die afleiding waaruit weet die Hof nie dat wel, dat hy ontslaan is omdat hy 'n lid van die Unie was nie. Nou die Hof het sterk gedink op daardie stadium reeds om die beskuldigdes te ontslaan. Maar selfs nieteenstaande die vermoede wat daar bestaan in Artikel 36 want Piet Pheko se eie getuienis weerlê daardie vermoede. Piet Pheko se getuienis is tot die effek dat hy ontslaan is omdat hy 'n man aangerand het en nie omdat hy aan 'n Unie behoort nie. Maar die verdediging is bereid om hulle, beskuldigde in die getuiebank te sit en hy het getuienis afgelê en geseê waarom die man ontslaan is. In Staat teen Foschini 1974(1) S.A. 96 Appêlhof word die bewyslas wat op 'n beskuldigde rus, behandel. Daar is vir die Hof verwys na 'n Nywer-

heidsaak, siviele saak, oor bewyslas daar, maar sedert daardie saak het die bewyslas verander sedert 1952 en ek haal aan uit 'n uitspraak van sy Edele Appêlregter Rumpff : "Daar behoort myns insiens in hierdie gevalle nie 'n bewyslas op 'n beskuldigde geplaas te word om op 'n oorwig van waarskynlikhede die afwesigheid se skuld te bewys nie, selfs wanneer gesê word dat daar 'n las op die beskuldigde rus om 'n sogenaamde prima facie in die saak vir die Staat te weerlê, moet die inhoud van daardie las nie verkeerd vertolk word nie, dit beteken dat die inhoud van die las sodanig is dat die beskuldigde hom van die las kwyt indien hy getuies voorlê waardeur die getuienis in sy geheel beskou 'n redelike moontlikheid skep dat daar geen culpa was nie." Met ander woorde dit is voldoende as die beskuldigde getuienis voorlê waardeur daar 'n twyfel ontstaan of daar culpa was. Daar is nie eers 'n bewyslas op 'n oorwig van waarskynlikhede op die beskuldigde nie maar soos die Hof reeds sê op Pheko se eie getuienis het die Hof al gevoel dat hy die verdediging die bewyslas reeds gekwyt het en daarna benewens is nog Lukas Coetzer geroep en hy kom en hy het gekom sê waarom Pheko ontslaan is en hierdie Hof kan hoegenaamd nie bevind dat Pheko ontslaan is om enige ander rede as wat hy en Lukas Coetzer aangevoer het dat hy 'n ander persoon aangerand het nie. Gevolglik word die beskuldigde beide vrygespreek.

## SERTIFIKAAT

Ek die ondergetekende sertifiseer hiermee dat voorafgaande 'n ware en korrekte weergawe is van verrigtinge meganies opgeneem.

OORSKRYFSTER *[signature]*
Mev. S.K. Herbst

**Collection Number: AD2021**

**Collection Name: Security trials, Court records, 1958-1982**

***PUBLISHER:***

*Publisher:* **Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa**
*Location:* **Johannesburg**
**©2017**

***LEGAL NOTICES:***

**Copyright Notice:** All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

**Disclaimer and Terms of Use:** Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

This collection forms part of the archive of the South African Institute of Race Relations (SAIRR), held at the Historical Papers Research Archive, University of the Witwatersrand, Johannesburg, South Africa.